

7 Maart - DONKIE

Skrifgedeelte: Numeri 22: 21-31; Matteus 21:4-9 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 21:6

Ons sê: *Die donkie is 'n wonderlike ding. Hy gaan as hy staan en hy staan as hy gaan.* Ons ken die donkie as lui, stadig en hardkoppig. In die Bybelse tyd was die donkies egter nuttige spogdiere.

Ons Here het die donkie geskep om as pak-, ry- en trekdier aangewend te word. 'n Goedversorgde donkie is 'n pragdier wat die skepping versier en verryk. So lees ons van Bileam, die internasionale, okkultiese waarsêer in die tyd van Moses, en sy donkiemerrie (oorspronklike teks).

Met watter geestelike bese magte Bileam kontak gehad het, vermeld die Bybel nie. Wel was Bileam bekend vir sy *suksesvolle* vervloekinge (en seëninge). Konings en vorste was bereid om hom oorvloedig daarvoor te vergoed.

Die Here is egter baie magtiger as hierdie duistere magte. Bileam se *bediening* word spoedig tot 'n einde gebring deur die *Engel van die Here* (Christus in die Ou Testament). Bileam en sy donkie hoor die stem van die *Engel* en buig gehoorsaam. Die nag wyk voor die Lig.

Op die eerste dag van Jesus se laaste week op aarde sien ons Hom op die rug van 'n donkiemerrie Jerusalem inry. Triomfantlik, vorstelik soos Sagaria 9:9 en Jesaja 62:11 dit voorspel het. Die skare sprei hulle klere en palmtakke voor Hom uit. Die massa bring aan Hom hulde as die *Seun van Dawid*. Die *hoogste hemel* word opgeroep om saam te sing en te juig. Die Messias het gekom!

So dien hierdie nederige dier die eer en majesteit van Jesus, Redder van die heelal. Wonderlik: twee donkiemerries met twee teenoorgestelde take, maar albei in diens van God en mens.

Sing: Skrifberyming 4-1:4, 5

Dr NP Heystek (Emeritus)